KONINKRYK LES 41

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	**DEEL** (20 minute)	***[STILTETYE]*** **JEREMIA 25, 29, 30 en 31**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jeremia 25, 29, 30 en 31). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (5 minute)	***[GOD SE BRONNE]*** **(5) 2 KRONIEKE 7:14**

Repeteer/Herhaal twee-twee.
(5) God se genesing. 2 Kronieke 7:14. As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na my wil en terugdraai van hulle bose weë af, sal Ek luister vanuit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

4	**ONDERRIG** (85 minute)	***[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]*** **DIE ARBEIDERS IN DIE WINGERD**

"Die gelykenis van "Die arbeiders in die wingerd" in Matteus 20:1-16 is 'n gelykenis oor
BELONING IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

"'n Gelykenis" is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse
(Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees **Matteus 20:1-16**.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?
Aantekeninge.

Die eienaar. Hy is 'n landheer en waarskynlik die eienaar van 'n landgoed met 'n skuur en 'n groot wingerd.

Die gehuurde arbeiders. Gedurende die oestyd is arbeiders as dagloners ingehuur. Hulle het op die mark bymekaar gekom waar werkgewers hulle kon huur. 'n Hele dag arbeid het ongeveer 12 ure geduur vanaf sonsopkoms tot sonsondergang. Aan die einde van die dag het hulle hul dagloon uitbetaal gekry (Leviticus 19:13).

Die ooreenkoms. Die eerste gehuurde arbeiders het met die eienaar ooreengekom om vir die gewone dagloon (Grieks: denarius) te werk. Die arbeiders wat later gehuur was, kon so 'n ooreenkoms nie sluit nie, omdat hulle maar vir 'n deel van die dag gewerk het. Maar die eienaar het belowe om vir hulle te gee wat billik was.

Die uitbetaling van die dagloon. Aan die einde van die werkdag van ongeveer 12 ure is die arbeiders uitbetaal. In hierdie verhaal word die arbeiders wat die laaste gehuur was, eerste uitbetaal. Die eienaar het aan elkeen van hulle 'n volledige gewone dagloon (een denarius) uitbetaal, baie meer as wat hulle verwag het! Die mense wat eerste gehuur was, het gedink dat hulle meer sou kry. Maar toe hulle aan die beurt kom, het hulle elkeen ook die gewone dagloon uitbetaal gekry, dieselfde bedrag wat al die ander arbeiders uitbetaal gekry het!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die agtergrond van die gelykenis word uitvoerig beskryf en staan in Matteus 19:16-30.

Twee sake vorm die agtergrond van hierdie gelykenis. Die eerste is die woord "want" in Matteus 20:1 wat aantoon dat hierdie gelykenis verband hou met die voorgaande gebeurtenis. Die tweede is dat die gevolgtrekking van hierdie gelykenis presies dieselfde is as die gevolgtrekking van die voorgaande Bybelgedeelte: "Baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste."

Die gevaar om nie in die koninkryk in te gaan nie. Matteus 19:16-26 beskryf 'n jongman wat baie ryk was, maar besef het dat hy nog nie die ewige lewe (die verlossing) gehad het nie. Hy was op soek hoe hy die ewige lewe kon verkry, maar het verkeerd te werk gegaan. Hy het gedink dat hy die ewige lewe kon verkry deur die wet (Hebreeus: Tora, Arabies: Sharia) te hou (Matteus 19:16,20). Jesus het die tweede tafel van die Tien Gebooie vir hom aangehaal. Dit was nie nodig dat Hy die eerste tafel van die Tien gebooie aanhaal nie, want iemand wat die gebooie van die tweede tafel (jy moet jou naaste liefhê) nie hou nie, hou ook nie die gebooie van die eerste tafel (jy moet God liefhê) (1 Johannes 4:20).

Die reaksie van die ryk jongman toon aan dat sy verhouding tot die gebooie oppervlakkiger was as wat Jesus in die bergrede uitgelê het (Matteus 5:21-48). Jesus het hom geantwoord en gesê: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My" (Matteus 19:21).

Jesus het die jongman nie gevra om die ewige lewe te verdien nie deur 'n goeie werk te verrig nie (bv. sy besittinge te verkoop en die geld aan die armes te gee)! Hy het die jongman op die proef gestel of hy Jesus heeltemal sou vertrou (in Hom sou glo) deur Hom te gehoorsaam. Sonder 'n volledige vertroue in Jesus Christus, uitgedruk in oorgawe en gehoorsaamheid aan Christus, kon nie van die ryk jongman verwag word dat hy alles wat hy besit het sou verkoop nie! Jesus het geweet dat die hart van hierdie jongman verknog was aan sy besittings. As hy 'n volmaakte gelowige, of beter, 'n volwasse gelowige wou wees, sou hy sy vertroue op Jesus moet stel en doen wat Jesus sê. Dan sou hy sy besittings wat tussen hom en Christus ingestaan het, verkoop het en 'n dissipel van Jesus geword het. Hy sou begin het om Jesus te volg; te leer om homself te verloon, elke dag sy kruis op te neem en Jesus te volg. Sonder vertroue (geloof) in Jesus uitgedruk in oorgawe en gehoorsaamheid aan Jesus Christus, kan niemand die ewige lewe verkry nie (verlos word nie)!

Jesus stel sy eis om alles wat iemand besit te verkoop en aan die armes te gee nie aan elkeen wat 'n Christen wil word nie! Job, Abraham, Jakob en Josef in die Ou Testament en Saggeus en Josef van Arimathea in die Nuwe Testament was almal ryk mense en Jesus het hulle nie gevra om hulle besittings te verkoop en hulle geld weg te gee nie! Origens is Abraham en ander ryk mense nie geregverdig (verlos) deur goeie werke nie, maar alleen deur geloof (Genesis 15:6; Romeine 3:28)! En hulle het getoon dat hulle geloof opreg was deur die manier waarop hulle geleef het (Hebreërs 11:1-40; Jakobus 2:21-23).

Die moeilikhede om God se koninkryk in te gaan. Die ryk jongman het vir sy besittings gekies en van Jesus af weggedraai. Hy het Jesus nie vertrou nie en ook nie gevolg nie. Toe het Jesus gesê: "Dis makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom dan vir 'n ryke om in die koninkryk van God in te kom" (Matteus 19:24). Jesus bedoel letterlik wat Hy sê dat dit *absoluut onmoontlik is vir 'n ryk mens om in die koninkryk van God in te kom op sy eie manier!* Rykdom, besittings, geld en die dinge wat daarmee gepaard gaan as sukses, mag en roem, het so 'n groot houvas op die hart, denke en lewe van die natuurlike mens dat hy homself nie daaruit kan red nie! Hierdie dinge betower die ryke, magtige en beroemde mense en verhinder hulle om in die koninkryk van God in te gaan (Matteus 6:24; 1 Timoteüs 6:9-10). Jesus het in absolute terme gespreek om op die dissipels se harte te druk dat verlossing van begin tot einde geen menslike prestasie is nie, maar die soewereine en genadige gawe van God (Johannes 6:44-45; Efesiërs 2:8-9).

Die dissipels van Jesus was geskok en het toe gevra, "Wie kan dan gered word?" Die dissipels het geredeneer dat aangesien arm mense ook ryk wil word, hulle (die dissipels) ook nie in die koninkryk van God kan inkom nie. Jesus het toe geantwoord, "Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik" (Matteus 19:26). Alle mense, rykes en armes, is heeltemal afhanklik van God vir verlossing. Niemand kan homself red nie! 'n Mens word alleen gered deur wedergeboorte *van bo*, deur die werk van die Heilige Gees. "Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het; Julle moet opnuut gebore word nie" (Johannes 3:3-8)! God *gee* selfs die geloof wat beoefen moet word. "Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword (Handelinge 13:48; sien Filippense 1:29). Dus, Jesus Christus leer dat mense nie gered (verlos) word deur hul eie inspanning, maar alleen deur die liefde en genade van God (2 Timoteüs 1:9-10).

Die beloning vir opofferend dienslewering in God se koninkryk. Petrus het toe gesê dat hy en die ander dissipels alles opgegee het om Jesus Christus te volg. Hy vra toe wat hulle sou ontvang. Enersyds het Petrus en die ander dissipels presies gedoen wat Jesus Christus aan die ryke jongman gevra het: hulle het alles verlaat en Jesus gevolg

(Lukas 5:11). Andersyds sê Jesus dat mense niks kan doen om hulleself te red nie (Markus 10:26-27). Alleen God gee die ewige lewe (die verlossing)!

Jesus verseker sy dissipels: "Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe" (Markus 10:29-30). Wie offers bring ter wille van Jesus Christus, sal baie keer soveel ontvang as wat hy opgegee het. Ondanks die vervolgings en moeilikhede op die aarde vanweë die feit dat hulle Christene is, sal hulle veel meer van besittings en verhoudings geniet dan die goddelose mense. En na die wederkoms van Christus sal hulle die koninkryk van God in sy definitiewe fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde ontvang.

Die waarskuwing m.b.t. wie die eerste en wie die laaste sal wees. God kyk nie na mense en hul sukses, ens. op dieselfde manier as wat mense daarna kyk nie. 1 Samuël 16:7 sê, "Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike" (vergelyk 1 Korintiërs 4:5). "Die mense wat die eerste is" is die mense wat op grond van hul rykdom, opleiding en posisie sukses, verworwenheid en prestasies baie hoog geskat word deur ander mense en soms selfs deur Christene. Maar omdat God na die hart kyk, sal baie mense agter ander mense in die koninkryk van God gestel word en selfs miskien buitegesluit word (sien Matteus 7:21-23).

"Die mense wat die eerste is" sou ook mense kan wees wat van kindsbeen af in Christus glo en kerk toe gaan. In plaas dat hulle dit as 'n baie groot voorreg beskou, beskou hulle dit as 'n verdienste, as iets waarvoor God hulle sal beloon.

"Die mense wat die laaste is" is mense wat eers later tot geloof in Christus kom, soos byvoorbeeld Saggeus, die harde sakeman en belasting inner (Lukas 19:1-10) of die misdadiger en moordenaar wat saam met Jesus gekruisig is (Lukas 23:39-43). Baie mense wat in die kerk as belangrik beskou word, sal die laaste wees en baie mense wat in die wêreld onbekend is, sal die eerste wees. Sulke mense is die arm weduwee wat as 'n bydrae in die tempel alles wat sy besit het gegee het (Markus 12:41-44). Of Maria van Bethanië wat deur die dissipels bekritiseer is toe sy kosbare salf op Jesus uitgegooi het (Matteüs 26:8). Of die ontelbare kinders wat hulle hart aan Jesus gegee het, terwyl die dissipels rusie gemaak het oor wie die grootste in die koninkryk van God was (Matteus 18:1-4; 20:20-28). Jesus waarsku sy dissipels en ook alle Christene om te sorg dat hulle nie verlang om "die eerste te wees" nie.

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd illustreer die beginsel dat die eerstes die laastes sal wees en die laastes die eerstes. As Jesus sê: "Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met die eienaar van 'n wingerd ....", dan bedoel Hy om ons te vertel wat daar op die laaste oordeelsdag gaan gebeur wanneer die laaste fase van God se koningskap ontvou.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 20:1-15.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 20:16.

Jesus sluit hierdie gelykenis op dieselfde wyse af as Matteus 19:16-30, "So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste." Jesus waarsku sy dissipels en alle Christene nie te behoort aan mense wat die eerste wil wees nie, omdat hulle die laastes sal wees! Drie dinge kan gesê word oor die mense wat hulself as die eerstes beskou:

Die mense wat as die eerstes gereken word, dink dat hulle beloon moet word vir die werk wat hulle gedoen het! Petrus wou weet wat hy en die ander dissipels sou kry, omdat hulle alles agtergelaat het om Jesus te volg. Jesus het belowe dat hulle ryklik beloon sou word vir hul geloof en gehoorsaamheid. Maar Hy het hulle ook gewaarsku om nie te val vir die versoeking om te werk vir beloning in geestelike sake nie! Hulle het hul verlossing uit genade ontvang en nie as 'n beloning nie! Nie alleen die verlossing nie, maar ook die belonings van God vir dienslewering in die koninkryk van God (1 Korintiërs 3:11-15) is uitdrukkings van God se onverdiende genade en liefde vir sy volk. Die belonings van God is nooit 'n kompensasie vir werk van mense nie!

Die mense wat as die eerstes gereken word, het gedink dat hulle beloon sou word in verhouding tot die werk wat hulle gedoen het. Hulle het nie besef dat God heeltemal soewerein is en alleen die reg het om sy gunsbewyse en belonings te skenk soos Hy wil! As God dieselfde guns/genade wil bewys aan 'n mens wat alleen maar op die laaste dag van sy lewe 'n Christen geword het as aan 'n mens wat heel sy lewe 'n Christen was, dan het Hy alle reg om dit te doen. Geen mens het reg om God te kritiseer nie, omdat alle Christene alleen maar uit genade verlos (gered) word en nie vanweë hul werke van die wet of hulle goeie werke of hulle verworwenheid nie. Ook nie vanweë hul toewyding, ywer en opofferinge nie! Daarom leer hierdie gelykenis dat niemand die reg het om iets van God te ontvang nie, selfs nie eers verlossing nie, laat staan belonings! Die gelykenis benadruk die vryheid en soewereiniteit van God, dat Hy ook belonings puur uit sy genade skenk!

Die mense wat as eerstes gereken word, dink dat ander mense nie beloon moet word vir werk wat hulle nie gedoen het nie. Hulle is dikwels jaloers op klein en onbekende mense wat God groter eer gee as aan mense wat lank en hard vir God gearbei het! Hierdie gelykenis leer Christene om nooit trots te wees op hul arbeid of resultate in die koninkryk van God nie.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!
Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Aantekeninge.

(1) Die gelykenis as ’n allegorie uitgelê (allegorisering).

Hierdie gelykenis word dikwels as ’n allegorie uitgelê. Alhoewel hierdie verklaarders ander waardevolle onderrig gegee het, het hulle hierdie gelykenis nie in sy verband uitgelê nie en moet hulle verklaringe verwerp word.

Irenaeus (130-200 n.C.) het hierdie gelykenis as volg uitgelê. “Die eienaar” verteenwoordig God. “Die arbeiders wat op verskillende tye gehuur word” verteenwoordig die mense by die skepping, die mense in die wêreldgeskiedenis en die mense in die eindtyd.

Origenes (185-254 n.C.) het hierdie gelykenis as volg uitgelê. “Die eienaar” verteenwoordig God. “Die eerste groep arbeiders” verteenwoordig die generasie van mense vanaf die skepping tot Noag. “Die tweede groep arbeiders” verteenwoordig die generasies van mense vanaf Noag tot Abraham. “Die derde groep arbeiders” verteenwoordig die generasies van mense vanaf Abraham tot Moses. “Die vierde groep arbeiders” verteenwoordig die generasies van mense vanaf Moses tot Josua. “Die vyfde groep arbeiders” verteenwoordig die generasies van mense vanaf Josua tot Jesus. “Die muntstuk” (Grieks: denarius) verteenwoordig verlossing.

Gregorius die Grote (540-604 n.C.) het hierdie gelykenis as volg uitgelê. “Die wingerd” verteenwoordig die Gemeente/Kerk tussen die skepping en die wederkoms van Christus. “Die eienaar” verteenwoordig God. “Die arbeiders” is die leraars wat gelowiges gedurende die verskillende periodes in die wêreldgeskiedenis onderrig: vanaf Adam tot Noag, vanaf Noag tot Abraham, vanaf Abraham tot Moses en vanaf Moses tot Christus. “Die arbeiders van die eerste, derde, sesde en negende uur” verteenwoordig die Hebreërs (die Jode) wat God vereer het en die wingerd bewerk het vanaf die begin van die wêreld. “Die elfde uur” verteenwoordig die periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms. “Die arbeiders van die elfde uur” verteenwoordig die apostels, of in ’n ander uitleg die heidene. Of “die verskillende ure” verteenwoordig die verskillende groeistadia van ’n Christen: kinderjare, puberteit, die jare van jongmense, volwassenheid, ouderdom en seniliteit.

Lenski het hierdie gelykenis as volg uitgelê. “Die voorman” verteenwoordig Christus. “Die muntstuk” verteenwoordig die tydelike/aardse seëninge. “Die arbeiders wat op die elfde uur gehuur word” verteenwoordig onvergeeflike leeglopers.

Ander interpretasies wat verwerp moet word:
Jode en heidene. “Die eerstes” verteenwoordig die Jode en “die laastes” verteenwoordig die nie-Jode. Daar is niks in die konteks wat hierop dui nie!

Werkgewers-werknemers. “Werkgewers behoort aan hulle werknemers dieselfde loon uit te betaal, ongeag hoeveel werk hulle verrig het! Elke mens op die aarde moet dieselfde bedrag geld vir hulle bestaan kry.” Daar is niks in die konteks wat hierop dui nie! Jesus bedoel glad nie dat hierdie beginsel op arbeid en industrie toegepas moet word nie. Dit sal net tot leeglopery, wanorde en korrupsie lei en is bowendien onbybels: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Tessalonisense 3:10)! Inteendeel bedoel Jesus juis te bewys hoe God met mense omgaan: “Die laastes sal die eerstes wees en die eerstes die laastes!” Jesus veroordeel die geloof van “soveel loon vir soveel werk”![1]

Die bedelingeleer van John N. Darby (1800-1882). Hy het geleer dat Jesus die hele wêreldgeskiedenis in sewe “bedelinge” ingedeel het: (1) Paradys tot sondvloed, (2) Noag, (3) Abraham, (4) Israel onder die wet, priesters en konings, (5) Die heidene, (6) Die Gees, (7) Die duisendjarige vrederyk.[2] Daar is niks in die hele Bybel wat daarop dui dat die Bybel in sewe bedelinge opgesplits moet word nie waarin teenstrydige prinsipes naas mekaar kan bestaan (soos byvoorbeeld regverdiging deur die werke van die wet in die bedeling van Israel en regverdiging deur geloof in die bedeling van die Kerk/Gees; of ’n wederkoms aan die einde van die bedeling van die Kerk en ’n tweede wederkoms nog vóór die groot verdrukking)! Jesus self lê hierdie gelykenis as volg uit: “Die laastes sal die eerstes wees en die eerstes die laastes” en dit illustreer geensins die indeling van die heilsgeskiedenis in sewe bedelinge nie!

(2) Uitleg van die relevante details.

Die landeienaar het die reg om wie hy wil te huur en sy geld te gee soos hy wil. Die feit dat Jesus die koninkryk vergelyk met die landeienaar toon aan dat God die Eienaar van almal en alles is en dat Hy die bestemmings van almal en alles op volkome soewereine wyse bepaal. Die reg om te heers behoort aan God en nie aan mense nie. Verlossing is sy vrye gawe en nie die produk van menslike inspanning nie (Efesiërs 2:8-9). Hierdie detail is relevant.

[1] Verlossing deur die werke van die wet (Tora, Sharia) by sommige Christene, Jode en Moslems. Karma-samsara by die Hindoes en Boeddhiste.
[2] Sien supplement 4 in “The Last Bible book” onder www.deltacourse.org.

Die ooreenkoms met die eerste arbeiders was billik. Die standaard dagloon vir ’n soldaat en ’n landarbeider was in die dae van Jesus Christus één muntstuk (Grieks: denarius). Die feit dat die eienaar ’n ooreenkoms of werk kontrak afgesluit het met die eerste groep wat hy gehuur het, toon aan dat die gehuurdes definitief vir geld gewerk het. Sowel die werkgewer as die werknemer het dit as billik beskou, omdat hulle dit met mekaar ooreengekom het. Hierdie detail is relevant.

Die derde, sesde, negende en elfde uur.
In gewone werksomstandighede sou dit ekstreem gewees het om nog maar één uur voor die einde van die dag nog werknemers in te huur! Jesus gee hierdie detail ook geen besondere betekenis nie. Dit is daarom nie relevant nie. Wat wel duidelik word, is dat die landeienaar nie alleen geïnteresseerd was in sy wingerd en oes nie, maar veral in *die werklose werknemers*! Dit was nie belangrik hoeveel ure hulle gewerk het nie, maar wel dat hulle werk gevind het!

Die belofte aan die arbeiders wat die laaste gehuur is. Die landheer het geen ooreenkoms gesluit met die arbeiders wat hy later ingehuur het nie. Hy het alleen belowe dat hy hulle sal gee wat billik is. Hierdie detail is relevant omdat die landheer later sê dat hy reg het om met sy geld te doen wat hy wil. Dit wys na die hooftema of die belangrike boodskap van die gelykenis, naamlik, dat God die soewereine reg het met betrekking tot wie Hy huur en hoe Hy hulle beloon.

Die woorde: “Toe dit aand word” (Matteus 20:8). Hierdie woorde is relevant, want die konteks (Matteus 19:28) wys na die einde van die wêreldgeskiedenis, wanneer Jesus Christus alle mense sal oordeel. Die belangrike boodskap van die gelykenis gaan oor wat daar sal gebeur op die laatste oordeelsdag.

Die voorman van die wingerd (Matteus 20:8). Sommige uitleggers dink dat die opdrag van die landheer aan sy voorman verwys na: “Die Vader veroordeel niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgegee” (Johannes 5:22). Maar omdat die voorman geen funksie in vers 11-15 in die gelykenis vervul nie, is hierdie uitleg twyfelagtig. Dis beter om die voorman alleen maar te beskou as ’n onderdeel van die verhaal.

Die uitbetaling van daglone deur te begin by die arbeiders wat die laaste gehuur is. Hierdie detail is wel relevant, omdat Christus sê: “Die laastes sal eerste wees”. Dit gee die eerste gehuurde arbeiders ’n kans om te sien wat die landheer gaan doen met die arbeiders wat die laaste gehuur is.

Elke arbeider ontvang presies dieselfde dagloon. Toe die arbeiders wat die laaste gehuur was één muntstuk ontvang het, het die arbeiders wat die eerste gehuur was gedink dat hulle meer sou ontvang dan wat afgespreek was. Maar ook hulle het één muntstuk ontvang, presies wat afgespreek was. Hulle het toe begin mor teen die landheer, want hulle het gedink dat dit onbillik was. Hulle was jaloers en ontevrede omdat die ander wat die laastes was tot die eerstes gemaak word en dat hulle wat die eerstes was tot laastes gemaak word! Maar hul slegte houding was ongegrond, want hulle het ontvang wat afgespreek was. Dit toon aan dat hierdie arbeiders ’n houding van “loon vir gedane arbeid” gehad het, dat hulle jaloers was en hulle die reg van die landheer nie erken het nie

God gee dieselfde beloning aan alle Christene uit genade, naamlik die koninkryk van God in sy laaste fase!

---

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. ’*n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.
Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd in Matteus 20:1-16 gaan oor beloning in die koninkryk van God.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “God het soewereine reg met betrekking tot wie Hy in sy koninkryk betrek en hoe Hy hulle op die laaste oordeelsdag beloon. Daarom moet mense vermy om te behoort aan die eerstes wat die laastes sal word. Hulle moet die houding van werk vir ’n beloning in geestelike sake vermy.” Hulle ontvang hul verlossing as ’n gawe van genade van God en nie as iets wat hulle verdien nie!

Onselfsugtige dienslewering is een van die fundamentele kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk dien sonder om ’n beloning te vereis of te verwag. Hulle vermy om as ’n prooi te val vir die houding van werk vir ’n beloning met betrekking tot geestelike sake (Matteus 19:16,22,27; 20:2,13). Hulle onderwerp hulself heeltemal aan die soewereiniteit van God, d.w.s., aan sy reg om sy gunste te gee aan wie Hy wil en soos Hy wil (Matteus 20:14-15,23). Hulle erken dat God mense op ’n soewereine wyse roep en hul beloon soos Hy wil! Die ware burgers van God se koninkryk is nie jaloers op mense wat God meer gee dan wat hulle verwag of as billik beskou (Matteus 20:15,20-28). Hulle besef dat dit ’n groot voorreg is dat God hulle liefhet en hulle betrek in sy wingerd of koninkryk!

---

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
Aantekeninge.

(1) God het die soewereine reg om wie ook al in sy diens te neem (Markus 13:34).

Die Here Jesus Christus het sy dienare in sy huishouding of wingerd (die wêreldwye Gemeente/Kerk van Christus of Koninkryk van God in sy huidige fase) aangestel en het aan elke dienaar 'n spesifieke taak gegee. Daarom moet elke Christen uitvind wat God wil dat hy of sy in die Gemeente/Kerk in die teenwoordige wêreld doen. Sy lewe het betekenis vir die Here en niemand mag sy bydrae negeer nie.

(2) Alleen God gee groei
en die arbeiders moet hulself beskou as God se medewerkers (1 Korintiërs 3:5-11).

God se arbeider Paulus het die taak gekry om die evangelie te plant in die lewens van die Korintiërs en sy arbeider Apollos het die taak gekry om die plante water te gee sodat hulle bly groei.

(3) God het die soewereine reg om sy dienaars te beloon soos Hy wil (1 Korintiërs 3:10-15).

Sommige arbeiders of medewerkers van God was versigtig hoe hulle hul taak (opdrag) vervul. Hulle het met materiale gebou wat nie vernietig kan word nie. Hul arbeid sal op die oordeelsdag met vuur op die proef gestel word om die kwaliteit van hul arbeid aan die lig te bring. As hulle die vuurproef deurstaan, sal hulle beloon word. Hoe hulle beloon sal word, word nie verder uitgelê nie.

(4) Die onverganklike krans vir die geregtigheid deur die geloof
(1 Korintiërs 9:24-27; (2 Timoteüs 4:6-8).

Op aarde het alleen die oorwinnaar van 'n wedstryd 'n verganklike oorwinnaarskroon gekry. Maar in die koninkryk van God ontvang elkeen wat aan die wedstryd deelneem 'n onverganklike oorwinnaarskroon (krans)(Grieks: stefanos) – die krans van geregtigheid deur geloof (Grieks: ho tés dikaiosunés stefanos) (2 Timoteüs 4:8). God sal in die openbaar afkondig dat sy dienaar deur geloof volkome geregverdig is deur die volbragte verlossingswerk van Christus. Hierdie kroon (krans) simboliseer die volmaakte geregtigheid wat Jesus Christus deur sy volbragte verlossingswerk (deur sy dood en opstanding) verwerf het en aan die gelowige toegeskryf/toebedeel het!

(5) Die gelykenis van die goue muntstukke (Lukas 19:11-27) (sien supplement 15).

Die ander belonings van God (behalwe die kroon van geregtigheid) word gebaseer op die verskillende grade van trou en ywer wat die arbeiders getoon het. Daar is verskillende soorte van belonings vir verskillende soorte van trou en ywer! Die arbeider wat met groter trou en ywer gearbei het, sal ook 'n groter verantwoordelikheid in die koninkryk van God in sy laaste fase (op die nuwe aarde) ontvang (sien 1 Korintiërs 3:10-15).

(6) Die gelykenis van die slaaf wat niks verdien nie (Lukas 17:7-10) (sien les 39).

Christene moet vermy dat hulle ten prooi val van die houding van werk vir 'n beloning. Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is waarskynlik: "Christene behoort te strewe om waardige arbeiders te wees wat meer doen as alleen maar hulle plig." Christene moet God nie dien met die houding van 'n slaaf wat met teësin alleen maar doen wat aan hom opgedra is. Christene behoort God te dien in vryheid, met vrywilligheid, van harte, met blydskap en deur méér te doen dan wat van hulle gevra word. Hulle behoort te dien met 'n gees van liefde en dankbaarheid. Die houding van 'n slaaf kry in God se koninkryk geen aanbeveling nie!

Miskien is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis: "*Christene behoort hulself te beskou as slawe wat niks verdien nie, maar gewoon hulle plig gedoen het*." Christene moet nie dien met 'n houding van hoogmoed en trots en dink dat hulle van God 'n aanbeveling, verdienste of beloning sal ontvang nie. Hulle behoort dienslewering te beskou as 'n voorreg, sonder om 'n beloning vir hul gehoorsaamheid te verwag. Hulle dien met 'n nederige houding. *'n Trotse gees vind in die koninkryk van God geen aanbeveling nie* (sien 1 Petrus 5:5-6).

---

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
Aantekeninge.

(1) Alle mense moet weet hoe God is.

God sal elke Christen in die laaste oordeel beloon. Maar hierdie beloning word nie gegee omdat iemand dit verdien nie, want dit is alleen op God se liefde en genade gebaseer. Volgens Efesiërs 2:10 is selfs die goeie werke van 'n Christen gebaseer op God se genade!

(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.

Wat belangrik is, is om God te dien met die juiste houding, met trou en met ywer. Die ware burgers in God se koninkryk vermy 'n houding van werk vir 'n beloning met betrekking tot geestelike sake. hulle erken die soewereine reg van God om mense wat Hy geroep het te beloon soos Hy wil.

5	**GEBED** (8 minute)	***[REAKSIES]*** **GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD**

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	**VOORBEREIDING** (2 minute)	***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van "die arbeiders in die wingerd" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Jeremia 32, 33, 36 en 37.** Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **Repeteer elke dag serie L: "God se bronne".** (1) God se aanwesigheid: Hebreërs 13:5-6, (2) God se Woord: Psalm 119:105, (3) God se krag: Jesaja 41:10, (4) God se wysheid: Jakobus 1:5; (5) God se genesing: 2 Kronieke 7:14.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 13:1-14.**
   Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.